

# Stabilis

GREY COLLEGE NEWSPAPER GREY-KOLLEGE KOERANT

COMMEMORATIVE ISSUE · 50 YEARS / JAAR · GEDENKUITGAWE

Volume / Jaargang 50 October / Oktober 2016 No 3

# FIRST PAPER APPEARS IN '67



Stabilis

AMPTELIKE ORGAAN VAN GREY-KOLLEGE. OFFICIAL ORGAN OF THE GREY KOLLEGE.

Vol. 1. BLOEMFONTEIN, NOVEMBER, 1946. No. 3.

## Editorial

NEARING THE END . . .

The Matrics this year had to work hard for the September examination owing to the fact that marks obtained affect the matriculation results. One-third of the total marks for each subject is made up of marks obtained in September. This fact was only realised by most boys a few days before the examination. It came as a shock to some candidates who did not take their work seriously. It even caused those who study day and night to "look up and take notice." It means that to get a good matriculation pass it is necessary to start waking up before the September exams leave a person stunned.

Years ago the scholar who obtained a first-class pass in matriculation was considered "possessing a brain of extraordinary qualities." It is not so to-day. This is not owing to the increase of our thinking capacity, but because the matric standard has been lowered considerably. It is still difficult to obtain a first-class pass in matric to-day, but, as one master said: "It takes a very clever man to fail his matric!"

## Hockey

There is still plenty of scope for improvement in the team, but after more practices I am sure it will go far.

Krige and Gerber, on the wings, although beginners, are making steady progress, but they still have to improve greatly to maintain the first team standard. Kibur and Christianikis are the two inner forwards, and both played in last year's 2nd team. These two are both keen players, but there is still a great deal for them to learn. De Wet, the centre-forward, and who is also the captain of the team is, without doubt, the most outstanding player in the team. Our halves, Bezencon, Dry and Sweetlove, usually play a safe game. Bezencon has showed remarkable improvement since the beginning of the season, and he is a very promising player. Dry is undoubtedly the backbone of our defence; he plays a very good game and clears the ball exceptionally well. Oosthuizen and Allem are the two backs, and they are both experienced players.

At first the team found great difficulty in finding a goal-keeper. Barber was tried in this position and he was found suitable. He has now played in a few matches and is very promising. He is very safe and with still more practice will make a sound player.

In conclusion, Mr. Marquard is to be most heartily congratulated on the moulding of this team, for without his expert coaching I am sure the team would not be what it is now.

REDAKSIE — EDITORIAL STAFF

Onder toesig van: Under supervision of: Mnr. A. K. Volsteedt

Redakteur: Editor: de W. Vorster.

Medewerkers: Contributors:

Mnr. J. L. Cronje, D. de Villiers, H. de Jager, J. Brown, H. Prinsloo, L. Burton, G. Kolbe, R. Theron, J. Gerber, J. Roome, N. Ferreira, O. Krause, D. Barber, D. van Heerden, L. Odendaal, Davidson, T. Kleinhans.

## Bric-a-Brac

Many readers have enquired as to which love song Heinie de Villiers sang. It is one of the best known, in other words "Jeniferve, Sweet ...

## Van die Redaksie

BEDRYWIGHEDE WAT GEDURENDE DIE LAASTE KWARTAAL PLAASVIND

Die skool geniet die laaste kwartaal meer as enige ander kwartaal, weens die afskeidsfunksies en bedrywighede wat plaasvind. Onder andere is: Die Stigtersdagdans, Re-Unie dans en die Hostel braaivleis. Die laaste kwartaal kan ook die „blok"-kwartaal genoem word, alhoewel meeste seuns nie 'n goeie begrip het van die betekenis van die woord nie.

Dit is die gewoonte van Matrieks om die laaste dag in maskarde-kostuum skool-toe te kom, maar party onderwysers blyk daarteen te wees. Die staf van „Stabilis" dink daarenteen, dat die Matrieks hulle laaste dag op die ou skool behoort te geniet.

Ons raai egter die 1946 Matriek-span aan om saam te trek en goeie resultate te lewer, want, van hulle hang die skool se goeie naam in die toekoms af.

DIE KOERANT SELF.

Hierdie uitgawe sal gevolglik ook beskou word as die laaste uitgawe van die jaar, om-...

I remain,
Yours,
FONNIE VAN ZYL.

Stabilis

NOG 'N MYLPAAL BEREIK

GREY COLLEGE NEWSPAPER APPEARS AGAIN AFTER 90 YEARS

MET hierdie eerste uitgawe van die koerant „Stabilis" bereik Grey-Kollege weer eens 'n besondere hoogtepunt in sy roemryke geskiedenis.

Visit FICHARDTS the Family Store

Official Stockists of Grey College School Wear!!

FICHARDTS

*Die eerste uitgawe van Stabilis (sien inlas regs onder), wat in hierdie gedenkuitgawe herdenk word, verskyn in April 1967. Die subopskrif verwys na die feit dat Stabilis weer sy eerste verskyning na 90 jaar maak. Hierdie verwysing is gemaak op grond van die feit dat die 'College Observer' in 1877 laas verskyn het. Die fout in die subopskrif is egter in die tweede uitgawe (Junie 1967) reggestel. Stabilis het inderdaad sy eerste verskyning in 1946 gemaak (sien die derde uitgawe hierbo), nadat een van die seuns, Johan Vorster, die aanvoerwerk daarvoor gedoen het.*

**In April 1967 Stabilis appeared again after an absence of 90 years. The newspaper appeared with a price tag of 5c. The aim of Stabilis as a newspaper was to portray all the happenings at the school in newspaper form.**

According to the April 1967 edition, the absence of 90 years refers to the appearance of the College Observer in 1877. This "newspaper" was actually a hand-written newsletter produced by some of the boys in 1877. The College Observer was a short-lived publication and did not appear on a regular basis after 1877.

Today we know that another newspaper was published after 1877 (and before 1967), actually named Stabilis, in 1946. Interestingly enough, a correction did indeed appear in the second edition of Stabilis (June 1967) on the front page. To quote this article: "It has come to the notice of the Editor and his staff that a newspaper titled Stabilis was available to the public in the year 1946. The editor-in-chief of this newspaper was a Grey College pupil, Johan Vorster."

Johan Vorster's father was a doctor attached to the famous Mayo Clinic in the USA. When they returned to South Africa Johan joined the Grey family as a standard 9 (grade 11) pupil. Only three editions of this newspaper appeared, due to the fact that the Vorster family returned to the USA at the end of 1946. It is also a little-known fact that Johan was assisted in his task by Mr A K Volsteedt, former headmaster (1960 – 1969) and father of another former headmaster, Mr Johan Volsteedt (1993 – 2012).

## Eerste redakteur gee sy indruk van eerste uitgawe

Teen die einde van 1966 het mnr Kalie Strydom, ons Duitse onderwyser, die inisiatief geneem om 'n skoolkoerant te begin. Hy, bygestaan deur mnr Rodney Cilliers, het die koerant se eerste redaksie saamgestel.

Ek het die voorreg gehad om as redakteur benoem te word. In my wildste drome het ek nooit verwag om nou, 50 jaar later, steeds Stabilis met genot te lees nie. Ek was beslis nie bewus daarvan dat ons deel was van die skep van 'n nuwe Grey-tradisie nie. Ook het ek nie verwag om later deel te wees van die 50-jarige herdenking van die stigting van Stabilis nie – wat 'n voorreg!

Ons groep in die redaksie was almal reeds in matriek en het geen ondervinding van redaksionele werk gehad nie. Die onderwysers het die leiding geneem en ons touwys gemaak. Die redaksielede was verantwoordelik vir beriggewing, skindernuus, proeflees, bladopmaak en advertensie-werwing. Daar is gebruik gemaak van verskeie kundiges om artikels vir die koerant te skryf. Die finale uitlegwerk is deur die drukkers gedoen. Die eindresultaat was 'n netjiese koerant waarop ons trots was.

Stabilis het oor die jare net verbeter en 'n voordurend belangriker rol in die skoollewe vervul. Hou so aan!

*- Koos Pretorius*

## Boodskap: Beheerraad 1967

Namens die Beheerraad is dit my besonder aangename taak om aan die redaksie van Stabilis my opregte dank en gelukwense oor te dra vir 'n uitmuntende poging om 'n koerant te laat verskyn wat enig van sy soort is in die annale van skole in Suid-Afrika.

Soos ons die personeel en seuns van Grey Kollege ken, sal hierdie koerant 'n skitterende bydrae lewer tot die ontwikkeling en die vooruitgang van die skool wat vir ons as Beheerraad soveel trots en genoegdoening verskaf. Mag Stabilis opnuut bewys lewer van die groot vertroue wat ons in die vooruitgang en ontwikkeling van Grey Kollege koester.

*- G Fichardt (Voorsitter 1967)*

"SA Print Group: On the front line of success...."

Skakel 051 44 88 975 of epos: quotes@saprintgroup.co.za

SA PRINTGROUP



## STABILIS REMEMBERS

"Tradisie is 'n opvatting of oortuiging wat as ongeskrewe wet van geslag tot geslag oorgedra word en as beproefde gebruik burgerreg verkry het. Tradisies moet die toets van die tyd deurstaan en hul buitengewone nuttigheidswaarde en ingrypende invloed bewys het."
April 1967

"Sonder die tradisies kan die skoolliggaam nie leef nie, want dit is sy lewensbloed. Dit deurdring alle terreine van die skoollewe en is ten nouste saamgeweef en ineengestrengel met die groeikrag en vooruitgang van die skool. Hierdie tradisies is die wortels van die Grey-boom wat gedurig gevoed moet word."
April 1967

"Lojaliteit word gekenmerk deur die daadwerklike strewe om die goeie naam van my skool hoog te hou, om niks te doen tot oneer van my skool nie. Die wagwoord van lojaliteit is: Alles doen ek in belang van die skool van my liefde en my trots; dan dra ek die stempel van Grey Kollege. Lojaliteit is inderdaad 'n vaste tradisie van Grey."
April 1967

"The traditional policy of practical equality and the fact that the boys are constantly in touch with one another is a powerful factor in the development of mutual respect for and appreciation of one another's language, traditions, customs and culture."
April 1967

"It generates an admirable spirit of cooperation between diverse groups and makes possible the mutual exchange and sense of unity in diversity which is the basis of true respect and tolerance."
April 1967

"Those who have been at Grey and learnt the lesson in human relations which it teaches without the aid of a curriculum hold their own in all circles."
November 1967

"Ons het nou die gewoonte aangeleer om neer te sien op ander skole. Dink u nie dat ons eerder so moet optree dat ander na ons opsien nie?"
Junie 1968

"Ongelukkig dink ek nie dat die voorbeeld wat baie Grey-seuns stel, navolgenswaardig is nie. Dit is tog jammer, want hierdie feit bring tot die gevolg dat Grey se reputasie aan die kwyn is."
Junie 1968

# DIE DROOM WORD 'N REALITEIT

## *Prof Kalie Strydom oor die beginjare van Stabilis*

**In die sestigerjare en voor dit was Grey in sy aard en wese reeds bekend as 'n skool met 'n ryke tradisie van leef voortreflik in jou eie, maar laat ook "andersdenkendes" naas jou ruimte en 'n lewe vind. Die erkenning van die waarde van verskille en kritiese denke is bevorder.**



*Hierbo verskyn die Redaksie van STABILIS vir die jaar 1967. Vlnr. sittende: Mnr K. Strydom (Beskermheer), D Müller (Afr Taalredakteur), J Pretorius (Hoofred), R Williams (Eng Taalred.), Mnr R. Cilliers (Beskermheer). Staande: N Babrow (Advertensie-bestuurder en Sekretaris), W Britz (Sportredakteur), G Maritz (Subredakteur), D Doubell (Subredakteur), S Mofsowitz (Sportredakteur), R Schönborn (Verspreidingsbestuurder), J du Plessis (Subredakteur).*

Daar was aansluitend 'n gevoel by 'n groep onderwysers aan Grey in die sestigerjare om naas sport met sy waarde, ook soms op die moeiliker terreine van kulturele bedrywighede Grey-seuns te vorm – om hulle krities versigtig te leer verskil van mekaar en nie dogmaties en ideologies* vas te val in ondeurdagte vooroordele so tipies van die sestigerjare en ook steeds vandag in ons land.

Ons wou die Grey-seuns, selfs onderwysers, ouers, oud-Greys en die publiek op ander maniere kultureel laat dink en doen. Ons wou hul vermoëns en vaardighede uitbou op ander terreine van waarde naas sport, soos verkry in publikasies/media, debatvoering, koor en musiekaktiwiteite, taalgebruik, ens. Die foto van die eerste redaksie van Stabilis wat ook in hierdie feesuitgawe verskyn, beklemtoon dat meeste van die leerlingredaksie-lede van die eerste, asook verdere uitgawes van Stabilis dikwels Grey-seuns was en is wat puik presteer het in hul skoolwerk, latere professies en as leiers in die samelewing. Dit was sonder twyfel vir mnr Rodney Cilliers en myself as beskermhere van Stabilis 'n groot beloning om die redaksielede te sien ontwikkel en bestuur deur middel van die magtige geskrewe woord in Stabilis.

Die destydse skoolhoof, mnr AK Volsteedt, het gevind dat Stabilis kommunikasie, maar ook gesindhede tussen leerlinge en onderwysers intern, maar ook ekstern goeie verhoudinge met ouers, oud-Greys en die publiek bevorder het.

Die beginjare het ook van Stabilis vereis om finansieel selfversorgend te wees en as beginsel is aanvaar dat Stabilis nie verniet ontvang kon word nie, maar verkoop is teen die geweldige bedrag van 5c per eksemplaar. Die advertensies wat in die eerste uitgawes van die beginjare verskyn, spreek ook van die ondersteuning van ouers, oud-Greys en leiers in die gemeenskap wat die vormingswaarde van Stabilis besef het.

Die klein begin van Stabilis met vele leemtes moet beoordeel word aan die mooi droom daaragter en nie die leemtes daarin. Dalk 'n eerste bydrae tot die groot hoogtes wat Stabilis oor jare bereik het en ook sigbaar is in die uitstekende gehalte van Stabilis Junior van Grey Primêr en Stabilis van die Sekondêre Skool.

Met die basis wat 50 jaar gelede gelê is, kan Stabilis voortgaan om werklik waarde toe te voeg tot die ryk geskiedenis en tradisies van Grey Kollege.

** 'n Dogmatiese ideologie is 'n lewens-en wêreldbeskouing wat homself as die waarheid voordoen gekenmerk deur onverdraagsame vooroordele teenoor ander ideologieë.*

***- Kalie Strydom***




***Prof Kalie Strydom, een van die stigterslede van Stabilis in 1967, met die jongste uitgawe.***

# Redakteur van 2016 gee indrukke oor eerste uitgawe

"Nog 'n mylpaal bereik!" Stabilis, Grey Kollege se skoolkoerant, betree hierdie jaar sy 50ste jaargang nadat die eerste uitgawe in April 1967 verskyn het.

'n Merkwaardige prestasie vir een van Suid-Afrika se oudste en suksesvolste skoolkoerante. Daar moet egter genoem word dat Stabilis nie die Kollege se eerste koerant was nie. Op 29 Oktober 1877 is die eerste koerant genaamd, "The College Observer" gepubliseer.

In 1946 het die eerste koerant onder die naam Stabilis verskyn. Dit was die inisiatief van Johan Vorster, wat saam met sy ouers van Amerika na Suid-Afrika verhuis het en het aan die begin van sy graad 11 jaar by Grey aangesluit. Slegs drie uitgawes van Stabilis het die lig gesien en aan die einde van die jaar het Johan weer saam met sy ouers na die VSA vertrek. Hy was deur mnr AK Volsteedt en nog so paar ander leerders in sy taak bygestaan.

Aan die einde van 1966 het Stabilis soos ons dit vandag ken begin vorm neem. Prof. Kalie Strydom en mnr Rodney (Biscuits) Cilliers, wat onderskeidelik Duits en Engels gegee het, was aan die hoof van dié projek. Hulle het hul voorstel aan die destydse skoolhoof, mnr AK Volsteedt voorgelê. Volgens prof Strydom is die hoofmotief agter die skoolkoerant om ná sport die kulturele bedrywighede van die skool en sy leerders te bevorder.

Die beginsel van 'n skoolkoerant is met die beheerraad uitgeklaar en op grond van twee voorwaardes is die groen lig gegee. Naamlik: dat die koerant tot die eer van die skool sal bydrae en dat dit nie van Grey se fondse afhanklik sal wees nie. Aangesien dit in daardie tyd baie duur en moeitevol was om 'n koerant te druk.

Deur die jaar van 1966 is daar beplan en begroot vir 'n suksesvolle en finansieel selfonderhoudende koerant. Soos vandag nog het hulle advertensies verkoop om hulle fondse aan te vul. Die enigste verskil is dat die kinders destyds self advertensies gesoek en verkoop het.

Vandag is dit nie meer die geval nie. En glo dit of nie, Stabilis het 5 sent gekos. Vir 'n hele aantal jaar moes hulle die koerant noodgedwonge verkoop as gevolg van die finansiële eise. Dit was wel gratis beskikbaar gestel aan oud-Greys en die onderwysers. Met groot opwinding is daar 'n redaksie saamgestel. Bestaande uit slegs 10 lede, het hulle die groot taak op hande aangepak.

Koos Pretorius het die voortou geneem, as hoofredakteur terwyl prof Strydom en mnr Cilliers die beskermhere was. Die berigte was onder die redaksielede verdeel wat dan hul verslaggewing by die onderwysers ingedien het.

Dié het dan die nodige taal versorging gedoen. Die berigte is daarna na Dreyer Drukkers geneem om die langsame drukproses aan die gang te sit. Na baie harde werk, tyd en moeite is die eerste uitgawe van Stabilis soos ons dit vandag ken, gepubliseer.

***- Albert Potgieter***

DID YOU KNOW?
In 2000 we bought the first banner machine in the Free State, Northern Cape and Lesotho.
Skakel 051 44 88 975 of epos: quotes@saprintgroup.co.za
SA PRINTGROUP

# STABILIS JUNIOR SKEP WENRESEP

## *Bestuur konsentreer egter steeds op vernuwing*


STABILIS · March, 1972

LAERSKOOL

CRICKETERS EXCEL

NOG 'N TRUI VIR GREY

Rugby Uitdaging

KNAP VERTONINGS

Natuurwetenskap in die Primêre Skool

SCOUTS AND CUBS

PRIMARY SCHOOL SWIMMING

WELCOME TO NEW STAFF MEMBERS

N & N SPORTWINKEL

M. MENDELSOHN EN SEUN

Alles vir die Werkswinkel, Plaas en Boer

*In die verlede het slegs een skoolkoerant verskyn met nuus oor die laer- en hoërskoolbedrywighede. Die laerskool se eie koerant, Stabilis Junior, is eindelik in 1999 tot stand gebring.*

Stabilis Junior, die Grey Kollege Primêr-koerant, bring al vir etlike jare die laerskoolnuus na belanghebbendes se huis. Die redaksie werk hard om te verseker 'n briljante produk word gelewer. Dit verg baie spanwerk, lang ure en deurgaanse vernu-wing, maar elke redaksielid besef dat sy foto, berig of spotprent 'n reuse-rol in die finale produk en die sukses daarvan speel.

Stabilis Junior het op 'n unieke manier tot stand gekom. In die verlede het slegs een skoolkoerant verskyn met nuus oor die laer- en hoërskoolbedrywighede. Twee bladsye is aan die laerskool se nuus afgestaan. Mnr. David Roberson, 'n personeellid aan die Grey Kollege Primêr, het egter gemeen dat die laerskoolleerlinge hul eie koerant benodig het, aangesien heelwat nuuswaardige gebeure ook in die laerskool plaasvind. Die idee was om 'n meer visuele as feitelike publikasie wat met die laerskoolgemeenskap sou praat, te skep. Stabilis Junior is eindelik in 1999 gebore.

Die proses het oor die jare heen heelwat verander om te verseker dat 'n produk van hoë gehalte gereeld versprei kan word. Vandag verskyn twee Stabilis Junior-uitgawes elke jaar. Die grootte van die uitgawes wissel van 16-, 20- tot 24-bladkoerante. Altesaam 17 leerlinge en drie personeellede dien op die Stabilis Junior-redaksie. Me. Lize Janse van Rensburg, wie met die bestuur van Stabilis Junior help, besoek die redaksie nadat elke uitgawe verskyn het sodat die verbetering en voorstelle bespreek kan word. Sy deel dan toekennings uit aan die redaksielede wat besondere berigte en foto's gelewer het.

Bladredakteurs word op die laerskoolredaksie aangestel en is verantwoordelik daarvoor om nuuswaardige berigte te identifiseer. Die laerskoolredaksie verdeel hul bydraes onder nuus, sport, kultuur, vermaak, in-diepte-berigte, nostalgie, ondersoekende berigte, sport en spotprente in. Me. Marina Ferreira, voog van Stabilis Junior, vertel sy geniet dit om jaarliks 'n nuwe redaksie aan te stel en dan te sien hoe die seuns groei.

Weeklikse redaksievergaderings skep ook geleenthede vir motiveringspraatjies en 'n deurgaanse leerproses. Redaksielede motiveer mekaar tydens elke vergadering. Die proses is duidelik suksesvol, aangesien Stabilis Junior in 2011, 2013, 2014 en 2015 in die Media24 Nasionale Skoolkoerantprojek (nou die OnsKan24-projek) as die beste laerskoolkoerant in die land aangewys.

Hoewel die laerskool vir Stabilis Junior begroot, moet redaksielede ook advertensiespasie aan plaaslike besighede verkoop. Sodoende word geld ingewin sodat Grey Kollege-leerlinge die koerant gratis kan ontvang. Die beheerliggaam, adverteerders en borge ontvang ook koerante.

Ferreira sê sy is opgewonde oor Stabilis Junior se toekoms. "Ons probeer om op elke uitgawe te verbeter. Die seuns se entoesiasme is aansteeklik en dit is bevredigend om te sien hoe hulle die skeppingsproses geniet."

*- Albrecht Botha*

## Spesiale gebeure kry 'n lewe in die skoolkoerant

1978


MNR. CHRIS BESTER

Mnr. Chris Bester is met ingang 1979 aangestel as hoof by Grey. Hy kom in die plek van mnr. Steve Strydom.

SPORTSMAN

1978


STEL VOOR:

MNR. LINDSAY MOULD

Mould is aangestel as Departementshoof in die plek van mnr. ... wat Grey aan die einde van die jaar verlaat.

SEWE JAAR

— Foto: D. Hoffman

1979


Wouter de Wet, sterk flank van die onder dertien-span, word hier voorgekeer. Stompie Fourie en Kobus Snyman is by om te help.

1984


VIVA LA MUSICA

Gedurende die tweede semester het Wickus Bekker, Heinrich Voight en Allan Muir met lof en eervolle vermelding hul onderskeie klavier-eksamens afgelê terwyl 10 seuns Grade I – III van UNISA se teorie-eksamen geskryf en met lof geslaag het.

Op die 23ste Augustus het Grey Primêr 'n suksesvolle Orkesfees vir Primêre skole aangebied – die eerste in Bloemfontein. Grey hoop om dit 'n jaarlikse instelling te maak. Grey wil graag aan meer leerlinge die geleentheid bied tot spontane musiekbelewing in 'n ontspanne saam musiek-maak-atmosfeer. Skole word aangemoedig om alle instrumente wat hul tot hul beskikking het te gebruik – in enige kombinasie. Grey se St IVA-gawe.

Grey kan met groot waardering en dankbaarheid getuig van pragtige samewerking onder die personeel en seuns om van Grey musiekaand 'n sukses te maak.

Grey Seniorkoor het Grey Primêr se naam hoog gehou by Willem Postma en Grey Sekondêr se koorfeeste. Gedurende die naweek van 14 September het Grey in Kimberley op saam met Herlear Primêre Skool in 'n goed georganiseerde musiekprogram opgetree. Grey seuns het nie net treffende sang gelewer nie maar ook gesorg vir klarinet, ghitaar, tjello, viool en Franse horing-solo's. Grey hoop om in die toekoms hierdie samewerking op kulturele gebied te kan voortsit met skole in naby-geleë dorpe.

1998


Gekies vir Cravenweek Akademiespan

Carl-Gustav de Vries en Adriaan Strauss, is gekies vir die Vrystaatse Cravenweek Akademiespan vir rugby se Cravenweek. Johann van der Merwe is ook gekies, maar was afwesig met die neem van die foto.

1998


...ld Lindeman, Frank Spillman, Carl-Gustav de Vries, Stanley Stevens, Pierre ...Bruyn, Thato Ntenchane, Mnr. P. Loftus.

SUPER SERIES

Die eerste nasionale Coke Cola - Powerade Super Series in samewerking met Toyota S.A. was vanaf 5 -9 April 1998 deur die Grey-Primêr rugby ondersteunersvereniging aangebied.

DID YOU KNOW?

SA Print Group had its origin in 1998 as Bloem Repro Services.

*The name was changed to incorporate our ever increasing national and international footprint.*

Skakel 051 44 88 975 of epos: quotes@saprintgroup.co.za

SA PRINTGROUP



### STABILIS ONTHOU

"Enigeen wat die tellingborde by die Grey-gala dophou, sal agterkom dat die stad altyd so ver voorloop dat die koshuis geen kans het nie; al probeer hulle hoe hard."
Desember 1968

"'n Seun met die skuilnaam 'A Lucky a day keeps the doctor away', was van mening dat rook 'n tydverdryf in vakansies is."
Maart 1969

"Dit is alleen die minderwaardige wat deur geweld wil poog om respek af te dwing. Afgedwonge respek lei tog immers tot opstandigheid, wat in later jare tot uiting kan kom tot nadeel van Grey."
Junie 1969

"Miskien sal hierdie nederlaag teen Queens hulle laat besef dat Grey geen maklike wedstryde het nie en dat slegs elke speler se beste goed genoeg vir Grey Kollege is."
Junie 1969

"The system of independent study and work is all very well as far as the intelligent boys are concerned, but what about those boys who do not have the initiative required?"
March 1970

"Die bont hond wat reeds 'n paar nagte in Murray-huis deurgebring het, is tot by die Wetenskapgebou gejaag, en dit was die laaste sien van die bont kantien."
Maart 1970


"Die welvaart en vooruitgang van Grey Kollege berus by die huidige geslag en ons moet nou die fondamente lê waarop ander weer kan voortbou."
Maart 1970

"The recent flu epidemic which killed eight Bloemfontein people did not leave Grey unscathed. Although only a few pupils were seriously ill, more than 360 were absent during the exams."
August 1970

"Many Grey boys leave visitors to themselves instead of extending to them the hospitality that is requested from a school of such wide repute as Grey College."
August 1970

"Die Matriekklas van 1970 het 'n ou tradisie hervat, naamlik die oorhandiging van 'n afskeidsgeskenk aan die skool. Hierdie instelling het etlike jare gelede om geen spesifieke rede in onbruik geraak."
Desember 1970

"The general opinion seems to be that initiation keeps the spirit high amongst younger boys. There are better ways to keep the spirit at Grey up."
March 1971



## STABILIS REMEMBERS

"Some boys think that sports matches of the school are no concern of theirs, and that they would rather support only that in which they participate personally."
September 1971

"Gedurende die derde kwartaal in Brill-huis het talle seuns snags 'n gedaante in die gange sien rondbeweeg wat aan sommige dorms se deurknoppe gedraai het."
September 1972

"Daar is een ding wat 'n bietjie pla tydens saalbyeenkomste en dit is dat ons aanhoudend onderlangs brom in die saal, al is daar iemand besig om te praat."
September 1972

"The pupil leaving Grey College at the end of his matric year has the advantage that he knows how to live with his fellow-man."
December 1973

"Stabilis is nie bereid om te huigel nie. Stabilis is nie bereid om 'n pleister te plak oor dit wat seermaak nie, terwyl dit onder aanhou sweer nie."
Desember 1973

"It is sad but true. The crumbling buildings of the famed 'Hotel de la Brille' are dying and their days are numbered."
March 1974

"When they started painting the classrooms, empty classrooms had to be found. After ten minutes the class would stroll into an empty classroom and fifteen minutes later an enfuriated teacher would arrive on the scene."
September 1974

"Is dit werklik nodig om, wanneer 'n onderwyser die klas binnekom, tyd te mors en droog te maak? Wie se tyd word eintlik gemors?"
September 1974

"Die lamsak-kultus is nog nie uitgewis nie! 355 van ons speel rugby, 130 sokker, 95 hokkie, 167 krieket en 95 skiet. Volgens ons syfers sit 'n kwart dus die winter by die huis."
Maart 1975

"In an endeavour to participate to the full in Grey's sister school's centenary (Eunice) the school built two floats for the procession which took place on the 7th of June."
June 1975

"Op 27 November 1975 is Dawie Marquard oorlede. Hierdie alombekende onderwyser, sportman, sportadministrateur, radiopersoonlikheid en teaterliefhebber sal altyd gemis word."
Desember 1975

# LAYOUT SLOWLY TAKES ON FORM

## *Headers distinguish pages*

**In the early years of Stabilis there were no clear page headers indicating the text appearing on that specific page.**


What could be distinguished, however, were the following: Page 1 to 3 included most of the news articles, including general news, such as an outlook on inflation (March 1968), the American Field Service (September 1968) and several motivational messages. An in depth article, 'Under the microscope', also appeared on these pages.

"Under the microscope" commented critically on the way things are done at Grey College. Examples of these articles included: Loyalty means to accept bad times and learn from it (March 1971), Differences in musical taste (June 1971), Discipline and the youth (September 1971), Preparedness of the youth in a changing country (September 1972), Longer national military service (September 1973). All these articles also invited comments from readers of the newspaper.

On pages 4 and 5 there were mostly in depth articles, news from the Old Greys and the popular "Schneider se snuffels", a tongue-in-cheek look at happenings at the school. Page 6 was regarded as the editorial page, as it is today. On this page appeared the editorial commentary, meditation (spiritual message), letters and messages.

Page 7 and 8 were usually reserved for the primary school, but also included general news articles. Page 9 was used as a news stand-by page, if the page could not be filled by cultural news and investigative articles. This page usually contained articles in connection with debating, the newspaper and the choir.

Pages 10, 11 and 12 were the sports pages and covered all the activities presented at the school, such as rugby, tennis, soccer, cricket, athletics, table tennis, gymnastics, shooting, chess, swimming and water polo. Sports articles covered both the primary and the secondary school, but page 12 was exclusively reserved for the secondary school.



*Tokkie Klopper leads the first team onto the field in September 1970.*




*The long expected luxury school bus was received by the school in June 1971. The bus was first used for a tour to South West Africa (Namibia).*



*Mr AK Volsteedt, mr JJA Steenkamp, mr JL Cronjé and dr Danie Craven in conversation regarding rugby in South Africa.*

# Investigating the production process in the early years




Stabilis is not only the motto of the school, but also the name of the school newspaper. In the early years, after a slow beginning, the number of newspapers printed were gradually increased to more or less 5 500, to accommodate the huge demand from Old Greys all over the country and later, all over the world.

Stabilis is created as follows: At a meeting of the editorial staff, the editor gives each member a certain article that he is responsible for. The article usually pertains to the activity that the boy is involved in to ensure that the reports are factual. A deadline is set by the editor and all articles must be handed in by that date. The articles are then checked by the two sub editors and the editor and then sent to the printers.

The printers complete their work and send two sets of "galley proofs" to the school. The first set is checked for printing and language mistakes, while the other set is used for 'pasting'. Galley proofs consist of actual articles printed in sequence on strips of paper. These strips of paper can easily be cut out and used to paste the lay-out on pages.

This involves pasting (with glue) the cut-out articles on brown paper sheets, arranged as they will appear in the final newspaper when it is printed. The pasted pages are then returned to the printers, who will add the headlines, photographs, advertisements, frames and lines.

When the initial lay-out of the pages by the printers are completed, a proof set of pages are printed and returned to the school. Now errors such as incorrect headlines, as well as other little mistakes, can be corrected, after which the final proofs will be returned to the printers. Only now can the printing process begin. Initially the printing process involved printing in two colours, namely black (for the text and photos) and orange (for the mast head).

We want your experience to be effortless...
We continuously strive to up our game!
Skakel 051 44 88 975 of epos: quotes@saprintgroup.co.za
SA PrintGroup

# ONTWIKKELLING VOOROP GESTEL

## *Stabilis en skoolterrein beleef saam-saam vernuwing*



September 1976 STABILUS Bladsy Sewe

SCHNEIDER SE SNUFFELS

**Iets van alles**

**Schneider het weer 'n bietjie gaan rondsnuffel, dinge deurgekyk en vasgestel dat:**

1. **Die matrieks nou blokbesprekings by Mnr. Marais kan doen vir banke in die wiskundeklas vir 1977;**
2. **At the present rate of hair growing at Grey all the pupils will be hippies only by 99976 A.D.;**
3. **One flight over the Tralies' nest is enough;**
4. **Die Patat Horror Show kan korte haarafmetings tot gevolg hê.**

Het u geweet dat 'n Grey-seun sowat 6 932,25 kilometer rondstap gedurende sy hoërskoolloopbaan ten einde by verskillende klasse uit te kom? Teen sowat 711 meter per dag, 5 dae per week, vir 39 weke per jaar, vir 5 jaar lank, werk dit net mooi uit op 6 932,25 Kilometer. (Al die menigte kilometers na die kantoor toe is nie eens ingesluit nie). Lyk dit nie 'n bietjie na 'n mors van tyd (veral in die huidige tyd van vreeslike inflasie) teen 'n stapspoed van ongeveer 2 kilometer per uur nie? Dis 3466,12 uur wat verlore gaan en 'n mens sou (toegegee, miskien verkeerdelik) tot die gevolgtrekking kon kom dat skoolgaan tydmors is.

Schneider het ook gaan ondersoek instel na die spraakpatrone van sekere hoër gekwalifiseerde

In 'n eksklusiewe onderhoud met Oranje en Eunice het ons vasgestel wat die menings van die verskillende skole oor mekaar is. Ons stel Oranje eerste aan die woord:

"Aag, party van die ou goedjies is olraait. Hang net af hoe 'n mens daarna kyk."

"Ek hou niks van die spul snobs nie. Ons is tog beter as hulle."

"Eunice is 'n fyn skool. Hulle is waardige opponente vir ons".

"Ek hou meer van Eunice omdat hulle meisies kan Engels praat."

"Ons aanvaar hulle maar soos hulle is."

**En nou van Eunice:**

"Our girls are more beautiful, don't you think?"

"Why do you have to ask me about that school?"

"Dunno that joint."

"Some of their girls aren't too bad."

"They are so heavy and over-whélming".

"What more do you expect from Afrikaans Free State Girls."?

"How can a school like Grey attend **their** film shows and not ours?"

"Their name is significant and refers to the right hospital".

SKIET IN DIE KOL

Hierdie jaar se skiet het vroeg in die eerste kwartaal begin. Uitdunne is gehou en al die St. 7 leerlinge het 'n kans gekry.

Daar is toe twee spanne gekies wat die volgendee kompetisie geskiet het.

**H.T.S. Wolmaranstad**

Aan die einde van die tweede kwartaal het die skuts meegeding teen H.T.S. Wolmaranstad. Slegs drie Seniors en drie Juniors het deelgeneem.

Grey se Seniors — 1155 as totaal.
H.T.S. se Seniors — 1023 as totaal.

Beste telling onder die Seniors: Alexis Visser met 388 uit 'n moontlike 400.

Grey se Juniors — 1161 as totaal.

H.T.S. se Juniors — 971 as totaal.

Beste telling onder die Juniors: Piet Serfontein met 394 uit 'n moontlike 400.

**GREY P.E.**

Vier Seniors en vier Juniors teen Grey P.E.

Grey se Seniors — 1540 as totaal.

Grey P.E. se Seniors — 1467 as totaal.

Beste telling by die Seniors: Hendrik van der Merwe met 389

Grey Senior skuts in aksie in P.E. V.l.n.r.: J. Purchase, W. Alberts, A. Visser, H. van der Merwe.

STADSTUKKIES TOWN TALK

**Stadstukkies sal van 1977 af bekend staan as STADSTUKKE omdat ons slegs gaan probeer om te verbeter op die stadsmanne van dié jaar.**

**OKKIE SE HOEKIE VIR EENSAMES** sal ook verval aangesien Oranje en Eunice baie daartoe bygedra het om die probleem op te los. Dit word vervang deur **STADSTER.**

**dat skrummie RUBI dit so 'n bietjie vasgehou en gedruk het, is dit met die lyn af na die vinniger manne (MARIUS, ANDRE VAN DEN BERG) gestuur. Hulle kan vertel wat toé verder met die Ball gebeur het!**

*Hierdie 1976-uitgawe illustreer Stabilis se gunsteling artikel, 'Schneider se Snuffels' en die nuwe skietbaan op die skoolterrein.*

**In 1977 het Stabilis nog dieselfde gelyk as met die eerste uitgawe in 1967. Daar was egter hier en daar reeds verskille wat die bladindeling van die koerant aanbetref.**

Die bladsy of bladsye vir die Primêre skool het intussen hul eie mashoof gekry en so ook die bladsye vir die Grey Reünie, wat gewoonlik in die middel van die koerant was.

Een van die toesigkragte wat 'n ogie gehou het met die daarstelling van die eerste Stabilis in 1967, mnr Rodney Cilliers, was op hierdie stadium (tien jaar later) nog steeds een van die toesighoudende personeel betrokke by die koerant. Die metode van druk en uitleg ("Galley proofs" en plakwerk) was nog steeds van toepassing, al het die drukproses algaande verbeter.

Die afdelings in die koerant het min verskil van die afdelings in die 1967-uitgawe,meet voorsiening vir nuus, sport, kultuur, alledaagse sake, skindernuus (Schneider se Snuffels), nuus oor die koshuise en die stad, sowel as die redaksionele bladsy.

In die jare van 1977 tot 1981 word daar gevind dat redaksionele kommentaar hoofsaaklik toegespits word op opbouende kritiek van die skool, soos duidelik blyk uit die volgende opskrifte: 'Bly ons mikpunt wat hoogste is?'; 'Modesty at Grey' en 'Gee ek alles?'.

In hierdie periode het die skool afskeid geneem van die geliefde skoolhoof, mnr JL (Patat) Cronjé, skoolhoof vir 'n periode van tien jaar. In die Junie 1979-uitgawe word die voorblad en bladsy 3 aan hom afgestaan. Hy was veral bekend vir sy persoonlike kontak met almal rondom hom, iets waarop klem gelê word in die hoofberig op bladsy 1 van die Junie 1979-uitgawe.

In 1980 het Grey sy 125ste bestaansjaar gevier, tesame met die aankoms van 'n nuwe skoolhoof, mnr (later dr) MG Heyns. Die skool het aan die begin gestaan van groot veranderinge op die terrein, veral wat die geboue en fasiliteite betref.

Die dae van die ou B- en C-blokke, die ou Tuckshop en ou Leithhuis was verby. Grey sou sy eerste treë gee na die kampus wat die skool vandag nog is.

## Nasionale koerantkompetisie beklemtoon gehalte

***Personeel wat optree as beskermhere van Stabilis (1967-huidig)***

| | |
|---|---|
| ***Prof Kalie Strydom*** | ***1967-1974*** |
| ***Mnr Rodney (Biscuits) Cilliers*** | ***1967-1979*** |
| ***Mnr JC (Flash) Venter*** | ***1971-1983*** |
| ***Mnr Johan Geldenhuys*** | ***1984-1988*** |
| ***Mnr Willem Breytenbach*** | ***1989-1990*** |
| ***Mnr Pieter Wessels*** | ***1991-2016*** |
| ***Mevv Hester Roos, Celeste Venter & Cheré Jordaan*** | ***2011-2016*** |

In die middel-sewentigerjare het die Stabilis-redaksie en betrokke personeel kennis geneem van 'n nasionale koerantkompetisie wat georganiseer is deur die Junior Rapportryers. Dit was een van die Junior Rapportryers se belangrikste projekte, iets waarmee hulle gepoog het om skole aan te moedig om hul eie koerante uit te gee.

Die kompetisie was bedoel as 'n bekendstelling aan verskillende vorme van massamedia en om belangstelling in joernalistiek as 'n moontlike beroep aan te wakker. In 1976 en 1977 is daar fynere uitlegveranderings aan die koerant aangebring en in 1978 is Stabilis vir dié kompetisie ingeskryf.

Die uitslag van die kompetisie het die stoutste verwagtinge oortref toe Stabilis as die beste skoolkoerant in Suid-Afrika aangewys is. Voorskrifte vir hierdie kompetisie het die volgende ingesluit: die koerant moes ten minste drie keer per jaar verskyn, die redaksie moes uitsluitlik uit skoolseuns bestaan en personeellede kon slegs in 'n toesighoudende hoedanigheid betrokke wees.

Die toetspaneel het bestaan uit beoordelaars soos prof LC Eksteen, mnr JA van Deventer (Beeld se subredakteur), mnr AS de Beer (senior lektor by die RAU) en die redakteur van die Heliograaf (tydskrif van die Junior Rapportryers). Daar is gemeld dat die beoordeling nie net op die gehalte en standaard van die publikasie gefokus het nie, maar ook op die verskeidenheid.

In 1979 het Stabilis daarin geslaag om tweede te eindig in dieselfde kompetisie. Intussen het die Junior Rapportryers ook begin om kursusse aan te bied vir die opleiding van die redaksies van skoolkoerante. Stabilis behaal tydens die beoordeling 'n punt van 73%.

In 1980 het Stabilis vir 'n tweede keer daarin geslaag om die Junior Rapportryers se nasionale kompetisie te wen, met mnr JC (Flash) Venter as beskermheer. Hierna is Stabilis gereeld ingeskryf vir hierdie kompetisie, met gemengde welslae.



### STABILIS ONTHOU

"'Cheesecutters' word deur die Grey 1977 matrieks ingevoer. Ja waarlik! – hulle kan uitgeken word as die ware seniors van die skool."
Maart 1977

"Just because you disagree with something there is no reason to belittle and criticise somebody in a position of authority behind his back."
March 1977

"Nee, want oorwinning is nie noodsaaklik in sport en in Grey Kollege nie. Die Grey-tradisie strek verder, dan nie, as om elke keer as die beste aangewys te word?"
September 1977

"Die nuwe sportkompleks sal bestaan uit drie rugbyvelde, vier hokkievelde, twee sokkervelde, drie kolfblaaie met oefennette, twaalf tennisbane met 'n oefenmuur, 'n skietbaan en 'n paradeterrein."
September 1977

"'n Gedagte: was daar al vanjaar 'n vergadering waarop prefekte, leerkragte en die hoof hul gevoelens kon lug? En 'n woordjie aan die matrieks: ons kant is ook nie skoon nie."
Junie 1978

"Faith and character are two qualities that are inseparable, for faith in God is the foundation of character. It is very valuable and in the end, the ultimate value in life."
September 1978

"Kom ons maak van elke geleentheid gebruik om ons maats te ondersteun, of ons nou belangstel in daardie aktiwiteit of nie. Kom ons dra ons manne oor die doellyn."
Desember 1978

"Vir baie jare is dit alom bekend dat Grey-seuns probleme tussen hulleself kan oplos. Dit was nog altyd 'n ongesproke reël onder die meeste omstandighede."
Maart 1979

"Gedurende sy 36 jaar by Grey het mnr. (Patat) Cronjé nooit die begeerte gehad om na 'n ander skool te gaan nie. Sy hart was by Grey..."
Junie 1979

"We will never forget his (Patat's) expressions, like 'Cut it out!', 'Sit 'n bietjie Zirrrr in', 'As Buzzy Bezuidenhout dit kon maak' and 'I often prefer the man with a bit of the devil in him'."
June 1979

"Tog kry 'n mens hier en daar die gevoel dat sommiges dit eerder as 'n vernedering beskou om goedgemanierd te wees en vir iemand ouer as hy op te staan."
Desember 1979

DID YOU KNOW?
In 2003 we installed the first four colour printer in Bloemfontein.
Skakel 051 44 88 975 of epos: quotes@saprintgroup.co.za
SA PRINTGROUP



## STABILIS REMEMBERS

"Die skoolterrein en geboue is ongelukkig tans in 'n baie swak toestand. Alles word in werking gestel om dit so gou doenlik weer in orde te laat bring."
Maart 1980

"But is there, is this year of festivities (Grey 125 years old), any Grey boy who can fearlessly state that he is keeping up the balance between culture, academics and sport?"
March 1980

"It is the utilisation of this dormant potential that will carry Grey to even greater glory. Yet to generate this glory, participation is essential."
September 1980

"By proving to our boys that giving goes hand in hand with receiving, the more you give, the more you can expect to receive."
September 1980

"Ettienne leroux, a controversial South African writer, spoke shortly (at the 125th anniversary Reunie dinner) of the different facets of life experienced at Grey."
December 1980

"Die algemene indruk by Grey is dat die gees vinnig aan die afneem is. Die rede hiervoor is waarskynlik dat die Grey-seun nie meer besef hoe gelukkig hy eintlik is om op Grey te wees nie."
September 1981

"Dit was ook nog altyd die gebruik in Grey dat daar die nodige respek betoon word teenoor die matrieks deur op te staan wanneer hulle verbystap."
Desember 1981

"The heart of Grey College, the Reunie Hall, is traditionally a place where talking is not done. This rule, however, does not refer to all the matrics."
March 1982

"Die rede waarom die Tuckshop verskuif gaan word is dat al die grond aan die suidekant van die ou universiteitspad, tot net verby Grey se ou tennisbane, nou aan Eunice behoort."
September 1982

"Grey College was once again honoured by the presence of a distinguished visitor, when Sir Laurens van der Post addressed the boys in the hall."
March 1983

"We lost two rugby matches this year, after three unbeaten seasons. Losing is a very good reflection of character, and being able to accept defeat builds a strong character."
June 1983

# STABILIS COMPLETES AN ERA

## *The last newspapers with the original mast head appear*

**From 1982 to 1986 the layout process and the basic design of Stabilis remained similar to that of the first edition of 1967. The basic layout of black text and an orange mast head remained.**


Some of the newspapers, especially early in the year (March or April) numbered eight pages, while the other issues remained at twelve pages.

In most instances the Grey Reunie articles did not appear in the newspapers numbering eight pages, while they did appear in the papers numbering 12 or more pages.

There were still separate pages for the Primary School and the Grey Reunie. New articles were introduced, including "Loyal pupil" and "We introduce" (teachers), while some of the other articles failed to lose their popularity, such as "Schneider se snuffels".

In these newspapers there were mostly two pages for the Primary School, as well as a separate mast head for the Hostel/Town news. The last three pages were still taken up by sport, with a small maste head for sport on the final page.

During this period the school terrain saw a transformation. The Tuckshop was moved to its current spot next to the swimming pool (September 1982) and a detailled plan of the new Tuckshop was published in that edition. During this period the school also wellcomed a wide variety of high-profile visitors, including Judge MT Steyn, Sir Laurens van der Post, Jackie McGlew, Roelie van Reenen and Kepler Wessels.





*Die argiteksvoorstelling van die Tuckshop se verskuiwing het toe nie gerealiseer nie.*

In May 1986 the first Stabilis appeared with headings in orange, rather than the usual black. The printing process allowed the use of colour on the outside pages at no additional cost. Orange was therefore used on page 1, 2, 13 and 14 (with a single advertising sheet in the middle). At the end of 1986 it also became common practice to use a mast head on every page, as is the case nowadays.

# Bydraes van Reünie vorm integrale deel van Stabilis



Bydraes van die Grey Kollege Reüniekomitee (met die hooftak in Bloemfontein) het reeds sedert die eerste uitgawe in 1967 in Stabilis verskyn. Daar was gereelde bydraes, gewoonlik onder die opskrif 'Oud-Grey Nuus'.


Hierdie bydraes het gewoonlik verwys na die heengaan van oud-leerlinge, besondere prestasies wat behaal deur oud-leerlinge en inligting rakende funksies, samekomste en algemene nuus van takke oor die hele land en die wêreld.

Tot aan die einde van 1975 was die oud-Greys se nuus êrens in die koerant weggesteek, maar daar was nie 'n spesifieke bladsy daarvoor nie. Vanaf 1976 het die Grey Reünie egter hul eie bladsy ontvang, waarop slegs nuus van toepassing op oud-leerlinge verskyn het. Vanaf hierdie jaar het alle ingeskrewe oud-Greys ook die Stabilis ontvang as deel van hulle lidmaatskap.

Vanaf 1977 het die Reünie selfs twee bladsye per uitgawe ontvang. In Desember 1977 is berig oor die onthulling van die naambord vir Grey-Springbokke in die Reüniesaal. Daar is ook melding gemaak van die sterk groei in die Jock Meiring-trustfonds. Daar word melding gemaak dat die trust daargestel is vir die oprigting van geriewe waarop alle Grey-ondersteuners trots kan wees.

Reeds in die Maart 1984-uitgawe lewer Edwin Grant, lojale lid van die Grey Reünie, die grootste bydrae tot die Reünie-bladsy, 'n taak wat hy verrig tot die uitgawe in Desember 2009, 'n volle 25 jaar later. Grey Kollege en die Grey Reünie is baie dank verskuldig aan Edwin Grant, wat op onbaatsugtige wyse 'n meer waardevolle bydrae gelewer het as wat hy ooit kan besef tot die boekstawing van hierdie skool se besondere geskiedenis.

Na 2009 het die Reüniekomitee die besluit geneem om die publikasie van nuus in die Stabilis te staak en eerder oor te skakel na digitale nuus op die webwerf, 'n besluit wat uit die aard van die saak meer koste-effektief is.



***Mnr Edwin Grant het vir 'n periode van 25 jaar, op eie houtjie, volle verantwoordelikheid aanvaar vir die Reünie-bladsye in Stabilis van die begin van 1984 tot aan die einde van 2009. Sy bydraes getuig van deeglike navorsing.***

Our unique & real time barcode tracking system enables us to give you immediate feedback on the status of your order.
Skakel 051 44 88 975 of epos: quotes@saprintgroup.co.za
SA PRINTGROUP

# MOOI DROOM LÊ AGTER SUKSES

## *Publikasie leer die gemeenskap anders dink en doen*

**In die sestigerjare – en self voor dit – het Grey Kollege reeds as 'n skool met 'n ryk tradisies bekend gestaan.**

'n Groep onderwysers het egter tydens die sestigerjare gemeen die skool moet buiten vir sport ook op ander terreine, soos kulturele bedrywighede, fokus sodat seuns ook in dié aspek gevorm kon word. Ons wou die seuns leer om krities, maar versigtig, van mekaar te leer verskil sodat hulle nie dogmaties en ideologies in onderudagte vooroordele vas sou val nie.

Ons wou verseker dat Grey-seuns, onderwysers, ouers, voormalige leerlinge en lede van die publiek kultureel op 'n ander manier sou leer dink en doen. Ons was oortuig daarvan dat 'n skoolkoerant hierin sou kon slaag. Die vaardighede wat benodig was, was vaardighede wat 'n mens in 'n betrokkenheid by die media, debatvoering, koor- en musiek-aktiwiteite en betrokkenheid by 'n taal aanleer.

Die foto van die eerste Stabilis-redaksie beklemtoon dat die meeste van die redaksielede in die eerste en daaropvolgende uitgawes dikwels Grey Kollege-leerlinge is wat puik presteer op skool. Ons het ook keer op keer gesien hoe dié leerlinge later as leiers in die samelewing en hul professionele loopbaan dien en groot suksesse behaal.

Dit was werklik vir my en mnr. Rodney Cilliers, destydse beskermhere van Stabilis, 'n groot beloning om die redaksielede te sien ontwikkel. Dié ontwikkeling is natuurlik aan die magtige geskrewe woord in Stabilis te danke.

Die destydse skoolhoof, mnr A.K. Volsteedt, het gevind dat Stabilis nie net kommunikasie nie, maar ook gesindhede tussen leerlinge en onderwysers en verhoudings met ouers, voormalige Grey-leerlinge en die publiek, bevorder het.

Die beginjare het van Stabilis vereis om finansieel selfversorgend te wees. Dié beginsel, dat Stabilis nie gratis uitgedeel kon word nie, is egter maklik aanvaar. Ons het dus die koerant teen die geweldige bedrag van 5c per eksemplaar verkoop.

Die gemeenskap het die idee van die begin af gesteun en was bereid om te help waar hulle kon. Die advertensies wat in die eerste uitgawes van die beginjare verskyn, spreek juis van die ondersteuning van ouers, oud-Greys en leiers in die gemeenskap.

Die klein begin van Stabilis het natuurlik leemtes. Maar dié publikasie moet aan die mooi droom daaragter beoordeel word en nie aan die leemtes nie. Ons moet ook kyk na die eerste bydrae wat die beginkoerant gelewer het in die uitstekende gehalte wat vandag in Stabilis en Stabilis Junior gesien word.

*- Prof. Kalie Strydom*
*Stigter van Stabilis*




*Stabilis Junior het vir die eerste keer in 1999 verskyn.*

## 'Klein idee' in 1998 ontwikkel tot vandag se pragproduk



*Die 1999-redaksie van Stabilis Junior is van links, voor: me. Jhani de Abreu, mnr. David Roberson (redakteur), mes. Tracey Eksteen en Ingrid van der Merwe; agter: me. Marina Ferreira.*



*Mnr. David Roberson, eerste Stabilis Junior-redakteur, en Albrecht Botha, huidige Stabilis-Junior-redaksielid.*

Toe Stabilis in 1967 gestig is, is 'n besluit geneem om twee bladyse per uitgawe aan Grey Kollege (primêr) en sy nuus af te staan. Dit is te verstane dat die skryfstyl in die koerant intellektueel en formeel was. Dit was 'n styl wat nie noodwendig by die laerskool gepas het nie.

Deur die jare heen het die laerskool sy spasie in Stabilis gebruik om relevante nuusbrokkies met die Grey Kollege-gemeenskap te deel.

Dié proses is gevolg totdat mnr. David Roberson, voormalige Grey Kollege-leerling en personeellid aan die Grey Kollege (primêr), in 1998 besluit het die laerskool behoort sy eie koerant te hê.

Dié publikasie sou op sy eie unieke manier tot die laerskool-gemeenskap spreek.

Roberson en ander personeel wou sorg dat 'n koerant wat die hart van die laerskool weergee, sou verskyn. "Dit moes 'n venster tot die laerskool gewees het. Ons wou aan lesers wys wie die laerskool is en hoe ons funksioneer," vertel hy trots.

Die droom het in 1999 'n werklikheid geword toe Stabilis Junior gestig is. Die redaksie het uit vyf personeellede bestaan. Roberson, mes. Tracey Eksteen, Marina Ferreira, Jhani de Abreu en Ingrid Gerdener was vir die publikasie verantwoordelik. Roberson het as redakteur opgetree totdat Van der Merwe in 2000 by hom oorgeneem het. Me. Tanja Pienaar, die 2005-hoof van Stabilis Junior, het in 2005 die eerste Stabilis-redaksie wat uit leerlinge aan Grey Kollege-leerlinge bestaan het, aangestel. Pienaar het in dieselfde jaar die koerant vir die Media 24 Nasionale Skoolkoerantprojekkompetisie (nou die OnsKan24-projek) ingeskryf. Die koerant het daardie jaar 'n tweede plek behaal.

Hoewel die koerant sedertdien heelwat verander het om by die nuwe tegnologie en nuusvorme aan te pas, bly die standaard wat sedert 1999 daargestel is, te alle tye gerespekteer en toegepas.

Roberson vertel dit is vir hom lekker om te sien hoe sy "klein idee" van 1999 tot die pragtige koerant wat Stabilis Junior vandag is, ontwikkel het.

"Dit is wonderlik om te sien hoe die leerlinge self verantwoordelikheid neem vir die skeppingsproses van hul skoolkoerant," sê hy.

*- Albrecht Botha*



### STABILIS ONTHOU

"At Grey we are used to being criticised because we are usually in the limelight. All our achievements are criticised in some way or another by someone from the outside."
June 1984

"Hierdie verslete trappe en ou houtvloere spreek 'n eie taal en dra 'n besondere boodskap. Saam met die digter voel ons: 'Staan 'n oomblik stil, hier het groot manne verbygegaan'."
Maart 1985

"Die ideaal van 'n 60% klasgemiddeld vir elke standerd is die eerste keer gedurende die tweede kwartaal behaal."
Mei 1986

"Die Krause Biblioteek is 'n kunsmuseum in die kleine. Min mense is bewus van die die feit dat die biblioteek werke bevat van JH Pierneef, Erich Mayer, Hugo Naudé en S Carter."
Maart 1987

"'n Baie verweerde metaalhouer wat onder andere koerante, briewe en muntstukke bevat het, is agter die hoeksteen uitgehaal toe die ou Leith-huis gesloop is."
Maart 1987

"Die skool het ook sy deel daar gedoen om die rampslagoffers te help deur 'n groot bedrag geld in te samel vir die Natal vloedramp."
Desember 1987

"As a result of the impassable roads (1988 flood) most of the boarders could not return after the weekend and school was cancelled that Monday due to the low attendance rate."
April 1988

"'n Wil om geld te maak het 'n belangrike deel van Leith-huis geword. 'n Geldspeletjie, wat uit Swaziland geloods word, het sommer dadelik byval gevind in Leith-huis."
Augustus 1988

"The aim of education at Grey College is to produce a well-balanced child, who can function in society after having completed his initial education."
June 1989

"Sodra die rol van Stabilis as waghond ingeperk word, het die koerant sy relevansie en doel totaal verloor."
September 1989

"After a dry spell of ten years, Stabilis has succeeded in winning the Junior Rapportryers Competition held on a nation-wide basis for school newspapers."
December 1989

DID YOU KNOW?
In 2007 we installed the first A1 four colour machine in the Free State, Northern Cape and Lesotho.
Skakel 051 44 88 975 of epos: quotes@saprintgroup.co.za
SA PRINTGROUP



## STABILIS REMEMBERS

"Ons sien hoe ideale verbrokkel onder die druk van die wêreld – die modernisme en rentmeesters wat sy debiteure nie ligtelik behandel nie."
Desember 1990

"Een van die maatstawwe waaraan die sukses van matrieks en prefekte gemeet kan word, is die mate van sukses wat die groep vier jaar na hulle behaal."
Maart 1991

"Grey het mense nodig met ruggraat, wat sy alles vir hierdie skool sal gee indien dit van hom gevra word, mense vir wie moed, karakter, wilskrag en opoffering nie onbekende woorde is nie."
Julie 1991

"Berei eers voor voordat jy wil presteer. Oefen en werk hard om te wen. Leer eers hoe dit regtig gedoen word – probeer dan, want dan kan jy!"
Julie 1991

"No matter how much booing, cat-calling or shows of bad sportsmanship are exhibited by supporters of an opposing team, the Grey boys should remain aloof of this."
December 1991

"Danksy goeie beplanning en versiendheid het Grey voorsiening getref vir die huidige snel verandering in die land."
Junie 1992

"Unfortunately in most cases in the past, orientation was set upon humiliating and breaking down a person's sense of respect and belonging."
June 1992

"Masels het sy kop in Bloemfontein uitgesteek en 'n klomp van die Leith-huis bewoners het met die kolletjiesiekte ander onskuldiges aangesteek."
September 1992

"By Grey moet daar altyd daarteen gewaak word dat ware tradisies nie onder die magtige vloed van onbenullighede of die mode van die tyd, begrawe word nie."
Junie 1993

"Die gees van 'n skool is tog hoe die seuns oor hulle skool voel. As die gees dus sleg is, is daar seuns wat sleg voel oor Grey."
Desember 1993

"After examining the decisions taken by the government, it seems as if the education system in South Africa is going to change."
March 1994

# REDAKTEURS ONTHOU DIE MOOI

## *Spanwerk is die sleutel tot publikasie se sukses vandag*

**Stabilis Junior se voormalige redakteurs is dit almal eens: daar word waardevolle lewenslesse geleer terwyl jy op die redaksie dien.**




*Voormalige Stabilis Junior-redakteurs is van voor: Bernhardt Bührmann (2015); tweede ry: Dirkie Laas (2014); derde ry: Kolbé Kolver (2013); vierde ry: Franco Marais (2012); agter: Gary Dykman (2011). Stabilis Junior is in 2011, 2013, 2014 en 2015 as die beste laerskoolkoerant in Suid-Afrika aangewys.*

Die afgelope vyf jaar se redakteurs koester elkeen spesiale herinneringe aan die koerant.

Gary Dykman (2011-redakteur) vertel die hoogtepunt van sy jaar as redakteur was toe verskillende skole se redaksielede byeen gekom het om idees oor hul onderskeie koerante te bespreek. Hoewel sy ouers hom aangemoedig het om by die redaksie aan te sluit, was hy nog nooit spyt oor dié besluit nie. "Die onderwysers wat die koerant lei het ons met ons sterk- én swakpunte ondersteun."

Die 2012-redakteur van Stabilis Junior, Franco Marais, sê hy is 'n introvert, "maar ek het by die koerant geleer om effektief met ander te kommunikeer". Hy sê hy het ook geleer hoe om druk te hanteer. "Ek pas daardie lesse vandag steeds toe. Ek sal altyd met dankbaarheid aan Stabilis Junior dink en ek het wonderlike vriendskappe daar gesmee."

Kolbé Kolver, die 2013-redakteur, stem saam. "Dit was spesiaal om te sien hoe almal saamgewerk het om een doel te verrig. Ek het daar geleer hoe om dinge met 'n positiewe gesindheid aan te pak." Hy vertel die hoogtepunt van sy jaar as redakteur was toe Stabilis Junior deur Media24 as die toplaerskoolkoerant in die land aangewys is. "Dit was lekker om te besef al die harde werk was die moeite werd," sê hy.

Dirkie Laas was in 2014 die Stabilis Junior-redakteur. Hy sê die kursusse wat die redaksie bygewoon het, bly hom steeds by. "Ek het geleer hoe die struktuur en volgorde van 'n goeie koerantberig lyk. Ek pas daardie lesse vandag steeds toe wanneer ek skryf."


Hy was baie opgewonde toe Stabilis Junior in 2014 wéér deur Media24 as die toplaerskoolkoerant aangewys is. "Dit was 'n voorreg om deel te wees daarvan en dit was sleg toe die jaar tot 'n einde gekom het."

Net soos die ander redakteurs onthou Bernhardt Bührman ook hoe belangrik dit is om die beginsel van die vyf W's (wie, wat, waar, wanneer en waarom) en een H (hoe) in 'n berig toe te pas. Hy was in 2015 die Stabilis Junior-redakteur. "Dit was spesiaal om te weet elke redaksielid speel 'n spesifieke rol in die sukses van die koerant."

Die koerant is in 2015 weer as die laerskoolwenner in Media24 se Nasionale Skoolkoerant-projek aangewys. "Dit was spesiaal, maar ek onthou ook hoe ons gesukkel het om genoeg berigte te skryf om die tweede uitgawe van die jaar vol te maak!" Hy het dus geleer watter rol spanwerk in die sukses van die eindproduk speel.

*– Albrecht Botha*

# Motivering, groei en harde werk bly 'n groot prioriteit




*Die 2016-redaksie van Stabilis Junior.*




*Leerlinge word aangemoedig om hul talente by die skoolkoerant te slyp.*

Hoewel die koerant al groot suksesse behaal het, bly die redaksie en hul groei die fokuspunt by Stabilis Junior. Daarom woon die leerlinge jaarliks opleiding by me. Lize Janse van Rensburg by. Sy was voorheen aan Volksblad verbonde en is sedert 2011 by Stabilis Junior betrokke. Verder word die redaksie weekliks deur gesiene lede van die gemeenskap toegespreek. Só word daar verseker dat redaksielede gemotiveer bly om hul bes te doen.

Die motivering moet egter ook van binne kom. Daarom kry die redaksielede elkeen 'n beurt om sy vriende toe te spreek en aan te moedig om hard te werk sodat die eindproduk suksesvol gelewer kan word.

Prof. Kalie Strydom, die eerste Stabilis-redakteur, het handjie bygesit om te verseker dat die geskiedenis korrek oorvertel word in dié gedenkuitgawe en hy het waardevolle raad verskaf tydens die beplanningsessies.

Albrecht Botha, 'n redaksielid van Stabilis Junior, sê hy sal Strydom se raad toepas wanneer die voorbereiding vir volgende Stabilis Junior-uitgawes geskied.

We understand that time is money ...
We strive for "Pronto!" delivery.
Skakel 051 44 88 975 of epos: quotes@saprintgroup.co.za
SA PRINTGROUP

# GEMEENSKAP DEEL IN 50 JAAR

## *Belanghebbendes wens Stabilis geluk met mylpaal*



Congratulations to all former and current editors and their editorial staff for keeping Stabilis and Stabilis Junior a trustworthy fount of information whilst retaining its integrity and high standard.
Testimony thereof is many a provincial and national accolade through the years.
Soli Deo Gloria!

***Mr Jurie Geldenhuys***
***Principal: Grey College Primary***
***2015-***



Congratulations, Stabilis.
You have always been very special. You have made us all proud over the past 50 years.

Your contributions and efforts have made us all feel so special. Continue to be so special in the years to come.

Viva la Grey.

***Mr Lindsay Mould***
***Principal: Grey College Primary***
***1992 – 2014***



Over the past 50 years, Stabilis has kept the greater Grey College community up to date with all the events in our beloved school. The newspaper has advanced from a humble beginning to a newspaper of exceptional standards.
May you continue and build forth on the spade word of the past and have free flowing reporting and jars of ink in the future.

***Mr Herman Rudd***
***Deputy Principal:***
***Grey Primary 1982 - 2016***



Stabilis, baie geluk met jou 50ste bestaansjaar. Dit is voorwaar iets om op trots te wees.

Baie geluk met die prestasies wat jy oor die jare heen behaal het en dat die koerant talle kere as die beste in die land aangewys is. Bou hierop voort!

***Me. Hannetjie Stals***
***Waarnemende Adjunkhoof:***
***Grey Kollege Primêr***
***2016 –***



A word of congratulations and celebrations are in order for the Grey College Stabilis newspaper.
The staff, pupils and other people involved in this successful endeavour have all added to the history and have made the Stabilis newspaper what it is today.
Congratulations, Stabilis, on your 50th Birthday.

***Mr David Roberson***
***Editor: Stabilis Junior***
***1997 - 2000***



Stabilis, geluk met jul halfeeu-vieringe. Dit verg harde werk vir 'n koerant om sy lesers vir 50 jaar lank in te lig en te vermaak. Mag daar nóg 50 jaar se sukses voorlê.
Baie geluk een elke redaksielid en redakteur wie se toewyding en kreatiwiteit die afgelope vyf dekades bygedra het tot Stabilis se sukses.
Lekker verjaar, Stabilis.

***Me. Ingrid van der Merwe***
***Hoof: Stabilis Junior***
***2000 - 2004***



'n Groot mylpaal word bereik wanneer 'n skoolkoerant sy 50ste bestaansjaar kan vier. Baie geluk aan almal wat by Stabilis betrokke is met die sukses wat julle oor die afgelope jare bereik het.

Mag die volgende 50 jaar net soveel sukses bring.

***Me. Tanya Metcalf (Pienaar)***
***Hoof: Stabilis Junior***
***2004 - 2008***



Stabilis, baie geluk dat jy dié groot mylpaal bereik het. Mag die koerant vir die volgende 50 jaar van krag tot krag gaan.

Dit is 'n voorreg om deel te wees van Stabilis. Dit is 'n unieke koerant met 'n ryk tradisie.

***Me. Marina Ferreira***
***Hoof: Stabilis Junior***
***2010-2016***



Geluk aan elke redaksielid, onderwyser en ouer wat dié groot verjaardag saam met Stabilis vier. Ek is bevoorreg om in die groot viering te deel.
Dankie, Stabilis, dat ek saam met jou mag groei en hoogte- en laagtepunte met jou mag deel. Die koerant en sy mense sal vir altyd 'n spesiale plek in my hart vul.

***Me. Lize Janse van Rensburg***
***Stabilis Junior 2010-2016***



Stabilis: Standvastigheid. Baie geluk met jou 50ste bestaansjaar. Dit is ongelooflik en dit laat 'n mens besef hoe bevoorreg ons is om in iets so tydloos te deel. Die jare stap aan, maar die tradisies en gees aan Grey Kollege bly dieselfde.
Baie geluk aan almal wat by die koerant betrokke is.

***Mnr. Adriaan Strauss***
***Nasionale Springbok-rugbykaptein 2016***


DID YOU KNOW?

In 2013 the first flatbed printing machine in a radius of 400km around Bloemfontein was added to our repertoire.

Skakel 051 44 88 975 of epos: quotes@saprintgroup.co.za

SA PRINTGROUP




## STABILIS ONTHOU

"Het Grey nie juis oorleef en gefloreer vanweë sy aanpasbaarheid en behoud van die regte waardes in veranderende tye nie?"
Desember 1994

"'n Stukkie vaste grond waarop ons moet vastrap is dat ons meer vir mekaar moet omgee en 'n medemenslike omgewing by Grey skep."
Desember 1995

"The success of Grey does not lie in different groups, but in unity, for unity can be the deciding factor between success and failure."
March 1996

"But let it be known that at Grey, we are into right human behaviour, not human rights behaviour."
January 1997

"Let's find a happy medium between conformity and negativity and take ourselves and our school to new heights."
September 1997

"Volgens my is die belangrikste komponent van 'n goeie jaar egter nie slegs die goeie prestasies nie, maar die mate waarin elke Grey-seun die geleentheid gegun word om as mens te ontwikkel."
September 1997

"Nothing great will ever be achieved without great men, and men are great only if they are determined to be so."
November 1999

"The Pre-primary school has proven itself to be important concerning the fundamental assurance of a better Grey boy for the future."
June 2000

Oor tradisies: "Dit is in baie gevalle maar net 'n bose aansteeklikheid. Hou gouer ons van hierdie kwaal ontslae raak, hoe meer volwasse sal ons studente word."
Maart 2002

"Baie keer word die idee geskep dat sommige 'ontgroeners' 'n behae daarin skep om ander af te takel en daardeur hul eie aggressie wat hulle deur hul skoolloopbaan opgebou het, te ontlaai."
Maart 2002

"The abolishment of initiation has stopped a roller coaster downhill ride, due to the fact that the intensity seemed to worsen each year."
March 2002

"If we stay true to the morals and values of Grey College we will be able to turn down evil temptations with surprisingly more ease."
November 2002



**STABILIS REMEMBERS**

"There is an increased feeling of unease that this lack of discipline will eventually lead to a complete lack of self-discipline as well."
November 2002

"Grey is often referred to as the microcosm of South Africa as pupils from different cultural backgrounds meet and bond to form a brotherhood."
December 2003

"Die beste manier om wangedrag te voorkom is deur proaktiewe optrede soos positiewe groepsdruk en goeie algemene dissipline, wat insluit netheid, hoflikheid en respek vir persone in gesagsposisies."
April 2004

"Opbouende uithalery (in teenstelling van afbrekende uithalery) is een van die aspekte wat Grey sterk maak in meer as een opsig."
April 2004

"Solank as wat daar personeel en ouers is wat so hard soos tans probeer om die naam van die skool orals uit te dra, so lank sal Grey verder verbeter."
November 2005

"Ongelukkig word sommige seuns se voorreg om die saalperiodes by te woon, hulle ontneem weens 'n gebrek aan spasie."
April 2006

"Grey is nie soseer die plek of die geboue nie, maar eerder die ervarings, teleurstellings, herinneringe en mense wat jy nooit sal vergeet nie."
September 2006

"Grey Kollege gaan nie sy standaarde verlaag nie. Die seuns sal 'n besluit moet maak om met trots en respek elke nuwe jaar aan te pak."
September 2006

"Die AOA bestaan nou al vir agt jaar en is baie gewild onder die leerders. Sommige van die matrieks beskou dit nou as 'n tradisie."
Desember 2006

"Every boy in Grey has to accept what the prefects try to accomplish and try his best in helping them to achieve their goal."
March 2007

"In die wedstryd teen Jim Fouché het meer as 500 seuns die eerstespan in koue en reën kom ondersteun."
Junie 2007

"Op die skild van die dorpie, St Jean de Mourienne, verskyn die hand van Johannes die Doper met die drie uitgestrekte vingers (die Grey-groet)."
Desember 2007

# STABILIS TREK NUWE BAADJIE AAN

## *Mashoofverandering is die beginpunt van modernisering*

**In Maart 1987 verskyn 'n Stabilis soos Grey Kollege nog nie voorheen gesien het nie.**

Met 'n nuwe, meer moderne mashoof en die gebruik van volkleurfoto's op die voorblad en die agterblad beweeg die koerant radikaal weg van vorige uitgawes.

Dié nuwe koerant was die gesamentlike breinkind van mnr Johan Grobbelaar, wat toe reeds vir drie jaar waargeneem het as toesighoudende leerkrag, en mnr Willem Breytenbach, wat twee jaar later oorgeneem het as toesighouer.

Vir die eerste keer was daar spesifieke mashoofde vir elke bladsy. Die koerant het dus aparte bladsye vir die volgende gehad: Nuus, Joernaal, Redaksioneel, 'Hostel / Town', Diepte, Reünie, Primêre Skool en Sport. Met die nodige verbeteringe aangebring, was die koerant weer al hoe meer suksesvol in die Junior Rapportryers se nasionale skoolkoerantkompetisie.

In 1988 is Stabilis weer onder die beste agt skoolkoerante in Suid-Afrika. Aan die begin van 1989 neem mnr Willem Breytenbach, 'n dinamiese en kundige opvoeder, die leisels oor by Stabilis. Sukses kom byna onmiddellik en Stabilis word vir die derde keer in sy geskiedenis aangewys as die beste skoolkoerant in Suid-Afrika aan die einde van 1989.

Die uitleg van die koerant stel nuwe grense en die koerant word baie goed deur die Grey-gemeenskap ontvang. Aan die einde van 1990 behaal die koerant 'n tweede plek in die nasionale kompetisie, wat die gehalte van die koerant op hierdie stadium onderstreep. Dit is 'n groot verlies toe mnr Breytenbach die skool verlaat aan die einde van 1990.



*In Junie 1993 verskyn hierdie unieke foto van Kepler Wessels en Hansie Cronjé, Protea-kapteins, in Stabilis.*

# Vernuwing lê die grondslag vir ongekende sukses

Aan die begin van 1991 neem mnr Piet Wessels by mnr Willem Breytenbach oor as 'konvenor' van Stabilis, 'n taak wat hy vandag nog verrig ('n hele 26 jaar later). Vir die eerste periode is daar voortgebou op die soliede fondament wat in vroeër jare gelê is. Aan die einde van 1991 eindig Stabilis weer in die tweede plek in die nasionale kompetisie.

Verskeie vernuwings is in hierdie tyd ingevoer. Deur die loop van 1991 en 1992 was daar selfs 'n radiostasie by Grey Kollege, naamlik Radio Stabilis. In 1992 tot 1994 was daar ook 'n weeklikse kitskoerant met die naam 'Stablitz'. Die redaksie het tot so 'n mate uitgebrei dat daar aan die einde van 1993 meer as 70 lede op die redaksie was.

In die negentigerjare is daar gereeld aan die nasionale skoolkoerantkompetisie deelgeneem, maar met gemengde welslae. In 1995 behaal Stabilis 'n vyfde plek en wen ook die afdeling vir beste uitleg. Na 1995 het die Junior Rapportryers opgehou om hierdie kompetisie aan te bied, met die gevolg dat daar geen kompetisie vir 'n aantal jaar was nie.

In 1997 word die mashoof weer verander, slegs vir die derde keer in die koerant se geskiedenis. In April 1998 verskyn die bekende '6 Cokes'-onderhoud vir die eerste keer in Stabilis. Die eerste persoon met wie 'n onderhoud gevoer is vir '6 Cokes' was CJ van der Linde (toe nog nie 'n Springbokstut nie). In hierdie jare word daar heelwat meer van kleur gebruik gemaak.

Deur die loop van 1999 en 2000 word van die grootste stylaanpassings gesien wat Stabilis nog beleef het. Dit neem twee jaar van eksperimentering en die gebruik van nuwe tegnieke, maar die koerant wat in Maart 2001 gedruk word, lyk skielik netjieser, meer formeel en hipermodern. Dit is boonop net betyds om voordeel te trek uit 'n nuwe kompetisie vir skoolkoerante in Suid-Afrika, geloods deur Media 24, aan die begin van 2000.

Stabilis skryf in 2001 vir die eerste in vir dié nuwe kompetisie en behaal onmiddellik 'n uitstekende vierde plek in dié gesogte kompetisie. Lance van der Spuy, redakteur van Stabilis in 2001, het die volgende gesê: "Ons is tevrede met die resultate, maar weet dat ons nog beter kan presteer." Lance word aan die einde van 2001 genooi om 'n verrykingskusus by te woon in Stellenbosch en by die hoofkantoor van Media 24 in Kaapstad.

Met die ondersteuning van die redaksielede van Die Volksblad, met spesifieke verwysing na me Sobeth Jordaan (toe nog Bester), het mnr Wessels en die 2002-redaksie aan die werk gespring om die koerant verder te verfyn. Met 'n spesiale bylaag oor Hansie Cronjé in Julie 2002 (sien regs onder op hierdie bladsy), wat die puik gehalte van die nuutste Stabilis beklemtoon, word Stabilis in Oktober 2002 aangewys as die beste skoolkoerant in Suid-Afrika (vir die vierde keer in sy bestaan).

By die prysuitdeling te Mediapark in Johannesburg ontvang Stabilis die volgende toekennings: Beste skoolkoerant in Suid-Afrika, Beste nuusberig, Beste sportberig, Beste diepte-artikel, Beste rubriek, Beste grafika en Ian Croucamp word aangewys as die persoon wat die beste Internetkoerant geskep het. Stabilis wen 6 uit 11 moontlike individuele kategorieë, 'n briljante prestasie.

Met die volgehoue verbetering in die gehalte van berigskrywing, beter kwaliteit foto's en beter grafika (spotprente en ander grafiese ontwerpe) kon Stabilis met reg uitsien na verdere sukses in die nabye toekoms.

'n Stewige grondslag is gelê in 2002, iets waarop die koerant in die toekoms kon voortbou.



*Michael Linström, JD Symington, Barend Smit, Conrad Dormehl en Sipho Khaile voor 'n ou drukkersmasjien in Mediapark, Aucklandpark.*




We pride ourselves in our 90% same day quote response. Request a quote before 16:00 and receive it same day.

Skakel 051 44 88 975 of epos: quotes@saprintgroup.co.za

SA PRINTGROUP

# STABILIS DEFINES REAL QUALITY

## *Newspaper crowned as the best in SA on 4 occasions*




*In 2005 a special supplement appeared to commemorate 150 years.*



*Hierdie krieketfoto, geneem deur Francois Martinson is in 2003 bekroon as een van die beste sportfoto's in die Media 24-kompetisie.*

**After the tremendous success during the 2002 Media 24 National School Newspaper competition, Stabilis had a sound base to work from.**

Minor layout changes were introduced during the next four years, but the newspaper style remained relatively consistent.

During the first decade of the new millennium Stabilis experienced its most consistent period in its history with regard to quality and success.

In 2003 Stabilis repeated the success of 2002 as it was chosen as the best school newspaper in South Africa for the second year running. Stabilis also won the award for the best sports photo and the best typography (layout) in the country. Bill Lee, editor in 2003, said: "Stabilis has a very dedicated editorial staff who always strive to do their best. We always try to improve our own standards."

In 2004 Stabilis was narrowly beaten into second place by the newspaper from Potchefstroom Gymnasium. The newspaper did, however, once again win a number of individual categories, namely best typography, best sports photo, best sports article and best review. The December 2004 edition carried a special supplement to introduce the festival year, 2005 (Grey College 150 years old) to the school.

During 2005, the festival year, all mast heads were adjusted to make provision for the school's 150th birthday. Stabilis was placed fourth this year in the Media 24 National School Newspaper competition, with individual prizes for the best review, the best sports photo and the best news photo. As more and more schools entered this competition, it became clear that Stabilis had to do even more to excel.

Another change in the mast head followed, as well as minor changes in the layout of the newspaper. In 2006, Stabilis returned to the top, winning the Media 24 competition for a third time (and a sixth time in total). Ryan Lamb, the editor, emphasized that all members of the editorial staff made a contribution to the success story that is Stabilis.


In 2007 Stabilis won the national competition for the second year in a row, making it five in total in this competition. In 2008 the newspaper went one step further, winning the Media 24 National School Newspaper competition for the third year in a row, a feat never accomplished by any other school before. This also meant an eighth victory for the Grey College newspaper in all competitions. Stabilis also won three of the six individual categories in 2008, namely for best sports article, best news article and best news photo.



Geluk aan Stabilis met sy 50-jarige herdenking! Dit is voorwaar 'n koerant om mee te spog! Mag die volgende 50 jaar nog beter wees!"

Congratulations to Stabilis with its 50th anniversary! May the next 50 years be even more memorable and prosperous.

***Henry Buchner***
***Voorsitter:***
***Beheerliggaam 2016***



May Stabilis go from strength to strength by being objective and honest. And willing to address issues of the here and now at Grey! Laat Stabilis vir die volgende 50 jaar en verder die sprankel van die Grey-mense, hul trots, nederigheid en lojaliteit aan die Grey-gemeenskap en verder oordra! En altyd die naam Stabilis gestand doen.

***Johan Volsteedt***
***Skoolhoof Grey Sekondêr***
***1993 - 2012***



Stabilis - Steadfastness, right from the outset a great success. The secret quite simple - the Paper is much more than just another school paper – a true reflection of the Spirit that symbolises Grey College!
Opregte, hartlike gelukwense aan Stabilis. May you continue to promote true steadfastness in every edition!

***Prof MG Heyns***
***Skoolhoof Grey Sekondêr***
***1982-1992***



## STABILIS ONTHOU

"Die beurtkrag was 'n groot nagmerrie vir die administratiewe personeel. Geen fakse, telefoonoproepe of e-posse kon gemaak of gestuur word nie."
Maart 2008

"At the beginning of the third term in 2007, the principal decided to introduce a new system of open subject choices."
March 2008

"Die meeste leerders het die afgelope paar jaar tot die besef gekom dat akademiese prestasie noodsaaklik is vir toetrede tot die beroepslewe."
Desember 2008

"Another problem that needs to be addressed, is that some boarders have become ill-mannered fools. They show utmost disrespect to some teachers on duty."
June 2009

"Deur die jaar is daar baie gepraat oor die suurstofdiewe, daardie seuns wat niks in die Kollege beteken nie en net aanjaag."
Oktober 2009

"The matrics decided to do things differently this year by changing their mindset towards the new learners and towards those who have been here for a number of years."
March 2010

"Die gewoonte dat daar net gepraat is met leerders as hulle die skool se naam sleg maak in die publiek, is uit. 'Name en shame' is in!"
Maart 2010

"As 'n Grey-Vrydag een van die lekkerste tye van die week is, dan is 'n Grey-eksamen die prys wat ons daarvoor moet betaal."
Desember 2010

"Hoe word 'n matriekjaar dan gemeet? Aan hulle vermoë om volgens die skool se waardesisteem 'n balans te handhaaf."
April 2011

"Wat egter redelik is, is om van 1200 bykans volwasse jong mans te verwag om te weet waar om die streep te trek."
Junie 2011

"We can have 98% of our boys who behave like gentlemen, but there will always be boys who look for negative attention – and with the cameras we can spot them."
October 2011

"Daar sal ouens wees wat 'n swak voorbeeld sal stel, op en weg van die skoolterrein, en dit dan met hul dasse sal skoonvee."
Oktober 2011

DID YOU KNOW?
In 2015 we installed the biggest and fastest flatbed printer (the SQ Print Nyala) in the Free State, Northern Cape and Lesotho.
Skakel 051 44 88 975 of epos: quotes@saprintgroup.co.za
SA PRINTGROUP



## STABILIS REMEMBERS

"We are surrounded by so much negativity – negativity from the media, from old boys and even from learners still at school."
June 2012

"The inhabitants of Bloemfontein were in awe when it snowed in the city on 7 August. A downside of the snow was when the Glenwood tour was cancelled."
October 2012

"This year's valedictory service was particularly poignant due to the fact that it was the last valedictory service for mr Johan Volsteedt is his capacity as headmaster at Grey College."
December 2012

"Die spoedperk van 20 km/h op die skoolgronde is reg. Mens sal in elk geval jou kar beskadig as jy vinnig oor die spoedhobbels jaag."
Maart 2013

"Die Reüniesaal bied 'n kans vir seuns om deel te hê aan die trots van die skool. Dit is dus van die uiterste belang dat almal die nodige respek sal hê."
Maart 2013

"Met sy wapperende Grey-vlag, onderbaadjie en Grey-pet mis Piet May nie sommer 'n interskool nie, al beteken dit dat hy ver saam met sportspanne moet reis."
Junie 2013

"Die skooleiendom wat die meeste beskadig word (deur balspeletjies) is die vensters van die B- en C-blokke asook dié om die Reüniesaal en voor die hoofgebou."
Desember 2013

"Die moontlikheid word ondersoek om 'n kleredragbeleid saam te stel wat die unieke Suid-Afrikaanse klimaat sal akkommodeer."
Junie 2014

"Others believe that Grey's code of conduct is what matters, and that being well-mannered and respectful are more important than upholding traditions."
October 2014

"Leerders en sommige onderwysers voel dat daar meer as een pouse op 'n dag behoort te wees omdat die periodes te lank raak."
Maart 2015

"This man (Mr Tommie Cronjé) has been our mentor, our noble citizen, the gentle man who deflected anger with wise words."
December 2015

# STABILIS GEREED VIR TOEKOMS

## *Goeie grondslag is gelê vir nuwe idees en verdere sukses*

**Met die suksesverhaal van 2002 tot 2009 nog vars in die geheue, slaag Stabilis daarin om van 2010 af steeds 'n hoë standaard te handhaaf.**

Met die suksesverhaal van 2002 tot 2009 nog vars in die geheue, slaag Stabilis daarin om van 2010 af steeds 'n hoë standaard te handhaaf.

Daar word verdere aanpassings aan die mashoof en die voorblad gemaak. In 2010 word Stabilis aangewys as die tweede beste skoolkoerant in Suid-Afrika.

In 2011 wen Stabilis Media 24 se kompetisie vir die sesde keer, ook die negende keer dat Grey se koerant 'n nasionale kompetisie wen. Hierdie vlak van prestasie maak van Stabilis beslis een van die toonaangewende skoolkoerante in die land.

Sedert 2012 word Stabilis elke keer onder die eerste drie skoolkoerante in die land gereken, met nog 'n tweede plek in 2015. Wat verblydend is, is die feit dat die seuns betrokke by Grey se skoolkoerant steeds hul taak as 'n diens aan die skool en sy gemeenskap beskou.

Verdere vernuwing word in die nabye toekoms beplan. Vanaf 2017 sal Stabilis agt of nege keer per jaar as 'n internetkoerant verskyn. Die internetkoerant sal boonop 'n aparte redaksie hê. Daar lê sonder twyfel 'n blink toekoms voor vir Stabilis. Ons is gereed vir die volgende 50 jaar.




*Die treffende voorblad van Stabilis se Oktober 2010-uitgawe.*

## Toewyding van betrokkenes werp lig op die horison

"Stabilis beoog 'n weerspieëling en verslaggewing van al die bedrywighede en werksaamhede van die skool in koerantvorm." Dit was die oorspronklike doelwitstelling van Stabilis soos beskryf in die eerste uitgawe van dié koerant in 1967.

As daar gekyk word na die kwaliteit van die koerant oor die afgelope 50 jaar en die professionalisme van die redaksielede, dan kan daar met volle versekering gesê word dat Stabilis nie van sy standaard afgewyk het nie. Inderdaad word dit beklemtoon deur die feit dat Stabilis in die jare 2002, 2003, 2006-2008 en 2011 as wenners van die Media 24 skoolkoerant-kompetisie gekroon is.

Dit is die trots van elke redaksie- en personeellid betrokke by Stabilis om hul volle toewyding tot die gemeenskaplike doel te lewer, wat 'n uitgawe van hoë gehalte is. Daardeur dra elke lid tot die ryk geskiedenis wat binne die mure van Grey Kollege gekoester word, by. Stabilis dien ook 'n belangrike rol om oud-Greys, ouers en ander belanghebbendes in te lig wat by die skool plaasvind op 'n kwartaallikse basis.

Met die feit dat Stabilis ook nou elektronies op die skool se webwerf beskikbaar is bied dit groter blootstelling, nie net op nasionale vlak nie, maar ook internasionaal. As jy kyk vanwaar Stabilis kom en waar die koerant homself vandag bevind kan ek nie anders as om 'n blink toekoms vir Stabilis te sien nie.

***- Albert Potgieter***



Dit is 'n voorreg vir enige publikasie om nie net die toets van die tyd, en die eise van 'n veranderende omgewing, te deurstaan nie maar ook om 50 jaar oud te kan word. Stabilis gaan nog steeds van krag tot krag en die uniekheid lê juis daarin dat dit met die tyd kon verander en aanpas.

Technological advancements have caused a revolution in the printed media industry. The editorial team have managed to embrace change and to build on the know-how and experience of the past. In doing so, Stabilis is in effect 50 years young and will go from strength to strength.

***Deon Scheepers***
***Principal Grey Secondary***

REUNIE

The Grey College National Reunie Committee proudly congratulates Stabilis on 50 years of positive journalism!

During this time you added real value to the school that we are so proud of.

Die Reüniekomitee is trots en dankbaar dat Stabilis 'n roemryke halfeeu beleef het en ook die Oud-Greys van oor die wêreld op die hoogte hou van gebeure by ons alma mater. Daar bestaan geen twyfel dat Stabilis 'n belangrike bydrae lewer om ons geskiedenis te boekstaaf nie.

May Stabilis continue to flourish!

***National Reunie Committee***
***Bloemfontein***

*Hierdie spesiale gedenkuitgawe is saamgestel deur mnr Pieter Wessels (Grey Sekondêr) en me Marina Ferreira (Grey Primêr).*

SA Print Group – proud service provider of the Grey College newspaper since 2003.
Skakel 051 44 88 975 of epos: quotes@saprintgroup.co.za
SA PRINTGROUP